Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

02-05-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 15 VIR 2018

1 FONDSINSAMELING:

Sluitingsdatum: Dinsdag, 15 Mei 2018 - alle boekies moet dan ingehandig word vir ouditdoeleindes. Ons vra asseblief u samewerking in hierdie verband. U as ouer bly verantwoordelik daarvoor.

Pryse: Eerste prys (trekking) - VW Vivo 1.4 Conseptline

Die kind wat die meeste kaartjies/boekies verkoop ontvang R1000, die gesin wat die meeste verkoop, wen gratis skoolgeld vir 2 kinders en die klas met die meeste verkope gaan op 'n uitstappie. Die gewone klere en snoepiebewys geld steeds. Vir elke kaartjie wat verkoop word staan die leerders ook 'n kans om 'n Heidelberg Mall geskenkbewys ter waarde van R600 te wen.

2 HEiDELBERG EISTEDDFOD:

Heidelberg Eisteddfod het reeds vir inskrywings gesluit, behalwe koor en instrumentaal wat uitgestel is. Hierdie items se deelname is eers in Augustus, dus sluit hul inskrywings Vrydag, 25 Mei. Die res van die afdelings vind plaas vanaf 14-26 Mei te Heidelberg Public School. Tye van deelname word volgende week uitgegee. Kunsstukke moet ingehandig word op Vrydag, 11 Mei by Juf Helanie. Die volgende moet agterop jou kunsstuk geskryf wees: Jou naam; Laer Volkskool Heidelberg, Jou Graad en jy moet 'n naam vir jou kunswerk gee bv. "My droom as veearts". Dit mag in Engels ook wees. Tema: Beroepe.

3 SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD DEEL 1:

Die Suikerbosrand Eisteddfod Deel 1 vind plaas vanaf 11-21 Junie by die TPA Saal in Heidelberg. Inskrywings het reeds gesluit by Laer Volkskool. Tye sal uitgegee word sodra dit ontvang word.

4 NETBAL 2018:

- Woensdag - Oefening vir 0/10 em 0/11 dogters vanaf 16:00 tot 17:00.
- Donderdag - Netballiga tuis teen DF Malherbe.
- 7 Mei - Oefening gaan aan soos normaal vir al die dogters.
- 10 Mei - Geen oefening op Hemelvaart.

5 MINI-NETBAL 2018:

- 5 Mei - Laerskool Midvaal
- 12 Mei - Hoër Volkskool Heidelberg
- 19 Mei - Laerskool Unitaspark
- 26 Mei - Laerskool Suikerbos

Maandae oefen al die dogtertjies. Dinsdae en Donderdae oefen die dogtertjies met wie gereël word.

6 RUGBY:

- 0/9 B EN 3de spanne se wedstryde is afgehandel vir die kwartaal.
- 3 Mei 2018 - Eerste Ligawedstyd teen Laerskool Eligwa vir 0/9 - Eerste span te Vanderbijlpark.
- MINI-RUGBY - 5 Mei te Laerskool Midvaal. Seuns ontvang vandag programme.
- 8 Mei 2018 - Ligawedstyd teen Laerskool Suikerbos vir 0/9 - Eerste span tuis.

7 KOOR:

- Juniorkoor oefen Maandag 7 Mei 2018 14:00 tot 14:45.
- Seniorkoor oefen vandag van 14:00 tot 15:45.

8 SPREEKKOOR:

Ons oefen Maandag, 7 Mei 2018 vanaf 13:00 - 13:45. Eisteddfod is om die draai! Dit is 'n baie belangrike oefening en elkeen moet asseblief daar wees.

9 KAALVOETDAG

Volkies hou Vrydag 25 Mei 2018 'n KAALVOETDAG om skoene vir die gemeenskap in te samel. Leerders kom kaalvoet skool toe en kan vir R10 gewone klere aantrek. Skoene kan vanaf 21 Mei tot 25 Mei na die skool gestuur word. Pare skoene moet in 'n deursigtige sakkie geplaas word en dui asb die nommer met 'n wit plakker aan. Ons sien uit om saam met u en u kind 'n verskil te maak.

10 WILDSFEES

2 Junie 2018 is ons jaarlikse Wildsfees. Kaartjies is reeds beskikbaar teen R250 per volwassene en R125 per laerskoolkind. Heerlike spitbraai! Wildsvleis proe-tent! Bespreek u tent of kaartjies vroegtydig by Helene Botha, 016 341 6216.

11 HEMELVAART:

Donderdag, 10 Mei is Hemelvaart. Ons gaan weer as skool die diens in die Klipkerk bywoon. Die skool verdaag op daardie dag om 12:00. Daar sal geen buitemuurse aktiwiteite wees nie.

12. SKOOLGESONDHEIDSPROGRAM

Die toestemmingsvorms wat u ontvang het rakende vaksines moet teen Vrydag die 4de Mei terugbesorg word, selfs al sou daar geen belangstelling wees nie.

13 KLEREBANK

Ons vra met groot vrymoedigheid dat u asb skoolklere wat te klein is vir ons Klerebank sal skenk. Ons het behoeftige maats wat dit nodig het vir die winter.

14 BLOEDSKENK

Ons skenk weer bloed die 19de Mei 2018 in die skoolsaal.

15 SIMFONIA JUVENTI

Op 18 Mei 2018 gaan die leerders die geleentheid kry om na die uitvoering van Simfonia Juventi te gaan luister. Die Grondslagfase en Intersenfase gaan onderskeidelik afstap na die Hoërskool. Voltooi asb die aangehegte toestemmingsbrief en stuur terug voor Vrydag 11 Mei 2018.

16 EKSAMENROOSTER VIR JUNIE 2018:

DATUM	GR 4	GR 5	GR 6	GR 7
28 Mei	Afr	Afr	Afr	Afr
29 Mei	Geo	Geo	-	EBW
31 Mei	LV	LV	Gesk	Gesk
4 Junie				Teg
5 Junie	NW & Teg	NW & Teg	LV	NW
6 Junie			Geo	Geo
7 Junie	Eng	Eng	Eng	Eng
8 Junie				SK
11 Junie	Wisk	Wisk	Wisk	Wisk
12 Junie	Gesk	Gesk		LO
13 Junie			NW & Teg	

Volkiegroete

P. STRYDOM: HOOF